

Dankbaarheid in voorspoed

Teks: Lukas 12: 13 - 21 & Sondag 10
Teksvers: Lukas 12: 20 - 21

1. Inleiding

Vanaand kan ons begin deur twee afrikaanse spreukwoorde aan te haal. “Geld kan baie koop, maar nie geluk nie.” en “Geld kan nie die dood omkoop nie.” Hierdie spreekwoorde hang dan ook nie sommer net so in die lug nie. Hulle het konkrete konneksies met ons teksgedeelte vanaand. Want alhoewel geld verskeie uitdagings vir die arm man kan oplos. Dinge wat hom verseker gelukkiger sal maak, is ons fokus nie vanaand op die arm man nie. Nee, in byna al ons afrikaanse vertalings sien ons die opskrif “Die gelykenis van die ryk dwaas”.

Hierdie bekende gedeelte bring ons dan uiteindelik by Sondag 10 van die kategismus. In Sondag 10 bely ons die voorsienigheid van God. En een van die gebiede waar dit ’n groot werklikheid is, is natuurlik ons finansies. Direk in verband daarmee natuurlik dinge soos ekonomiese omstandighede, wêreld oorloë of droogte in die natuur. Ja, al daardie dinge waaraan selfs die beste finansiële raadgewer of produk net mooi niks kan doen nie.

Maar dalk is ons beskouing oor finansies heeltemal verkeerd. Ons wil dikwels finansies en geloof waterdig skei, tog is dit nie werklik moontlik nie.

Trouens dit is presies waar ons teksgedeelte vanaand ook begin. Iemand kom nou Jesus met die hoop om geloof te kan gebruik vir ’n bepaalde finansiële uitkoms. Jesus moet Sy mag en invloed gebruik om ’n bepaalde finansiële uitkoms te bewerkstellig. En wanneer dit by finansies kom is dit wat my toekom moes altyd regverdig of hoe? Kom ons word stil voor die voorsiener van alles, insluitend my finansies. Sodat ons ook weer ons perspektief reg kan draai, en ook die Here kan eer en verheerlik op hierdie gebied van die lewe.

2. Die bron van alle finansies

Die probleem is gewoonlik die hoek waaruit die saak beskou word. Vir die moderne mens staan hy en sy eie vermoëns sentraal. Ons sien dit gewoonlik wanneer ons suksesvolle mense se biografie lees. Daar word maklik geroem op die mens en sy eie vermoëns en harde werk. Wanneer daar negatiewe goed gebeur het, is dit gewoonlik die skuld van iets of iemand anders. En van die mense wat te na gekom is om sukses te bereik word byna nooit gepraat nie.

Ons teksgedeelte begin ook by hierdie gierige ingesteldheid. Soos ons gesê het, sal die man selfs die geloof en vir Christus persoonlik gebruik om sy finansiële deel te ontvang. Dit gee natuurlik aanleiding tot die lering wat

Christus gee. Die gelykenis wat Christus vertel klink byna presies soos 'n moderne biografie. Daardie klop op my eie skouer oor alles wat ek vermag het. Maar Jesus vertel dit juis om die dwaasheid daarvan te openbaar.

Die probleem van die dwase man lê nie in die uiteindelijke oes. Dit lê al by die herkoms daarvan. Want daar is iets wat meeste van ons vandag nog glo. Indien jy net hard genoeg werk, sal dit met jou goed gaan. Tog is die bron van alles wat ons het, insluitend ons finansies, nie ons harde werk nie. Dit is nie die firma of maatskappy waarvoor jy werk nie. Dit is nou ons eie gawes en geleenthede nie. Nee die bron is God alleen. Dit is Hy wat ons seën met ons daaglikse brood.

Dit is ten diepste die belydenis van die voorsienigheid van God. Volgens vers 28 hou God alles en almal so in sy hand dat hulle nie sonder sy wil kan roer of beweeg nie. Dit sluit natuurlik dinge soos ons daaglikse brood en die ander sorge van die lewe in.

3. Geduld in teëspoed

Maar hierdie wete dat alles in die hande van die Here is, kan dit ook moeilik maak vir 'n mens. Want dan as alles nie uitwerk nie. Daardie tye wanneer die bekommernis en sorge van die lewe, my net wil verswelg. Dit is een ding om negatief te staan teen oor 'n sekulêre maatskappy, omdat hulle in my eie oë my nie goed genoeg versorg nie. Maar wanneer ek bely dat

al my versorging eintlik van die Here af kom, dan kan swaarkry maklik in 'n geloofsworsteling ontaard. 'n Mens kan nie help om te wonder waarom die Here wat tog die Heelal in Sy hand hou, die goeie dan van my sal wil weerhou nie.

Maar wanneer ons op hierdie wil aan beweeg, moet ons vinnig die ingesteldheid van Psalm 73 gaan soek. In Psalm 73:15 staan daar: "Maar as ek so sou aanhou praat, sou ek dié verloën wat aan U behoort". Ons kan nie die Here in die beskuldige bank plaas en antwoorde van Hom eis nie. Op die einde van die dag dien ons God en nie anders om nie. Ons moet nederig voor Hom neerbuig en glo dat Hy soos 'n goeie Vader nie vir ons 'n slang in plaas van 'n vis, of 'n skerpioen in plaas van 'n eier sal gee nie.

Eintlik bely ons in vraag 28 van sondag 10 se antwoord presies wat ons moet doen in teëspoed tye. Ons moet geduldig op die verlossing van die Here wag. Want ons weet dat God die Vader die voorsiener en onderhouer van alles is. En dat Hy as 'n Almagtige God ons kan versorg en dat Hy ook as 'n getroue Vader dit wil doen. Hy het immers nie eers Sy eie eniggebore Seun gespaar nie, maar Hom geoffer, sodat die hou vas van die sonde op ons gebreek kan word.

4. Diensbaarheid bely dankbaarheid

Maar ons het tot dusver net gefokus op moeilike omstandighede, op swaarkry. Wanneer ons nou van 'n finasieële oogpunt kyk is dit eintlik die teenoorgestelde in ons teksgedeelte. Christus sê nie dat 'n voortdurende gierige ingesteldheid in jou lewe, jou steeds sal arm laat nie. Nee, dit is baie duidelik dat Jesus Sy gelykenis begin by iemand wat ook in vandag se samelewing bewonder sou word. 'n Suksesvolle vooruitstrewende boer.

Maar die swaartepunt van die gelykenis is nie dat finansiële sukses altyd sonde is nie. Dit gaan oor hoe 'n mens moet optree wanneer jy seën uit die hand van die Here ontvang. Dit is hier waar ons dikwels vandag nog skuldig staan. Ons weet van groot gebedsbyeenkomste wat in nood gehou word. Die afgelope week was daar juis weer so byeenkoms hier naby ons. Ons weet ook dat hierdie byeenkomste op roem op hulle nommers, so amper asof die Here nie 'n keuse het as so groot groep mense saam hulle wenslys na Hom bring.

Maar die vraag is altyd wanneer die uitkoms of verlossing kom op die spesifieke saak waarvoor gebid is. Sien ons nie dan dikwels net een malaatse man terugkeur om dankbaarheid te bewys soos in Lukas 17 nie. Want dankbaarheid word bely in terme van diensbaarheid in die koninkryk. Dit is juis die teenoorgestelde van die gesindheid in vers 19 van ons teksgedeelte. Dankbaarheid behels die

aanwending van my gawes en seëning in die koningryk van God tot uitbreiding daarvan. Dit is presies wat Jesus bedoel met skatte bymekaar maak by God in vers 20. Want uiteindelik is bly die worode van Jesus in Matteus 6:21 waar: “want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n laaste woord oor ons versorging in die hande van die Here. Ons bid in die bekende onse Vader gebed vir ons daaglikse brood. Dit is 'n baie persoonlike gebedsversoek, want versorging is op die einde 'n baie persoonlike saak. Vir elke persoon het die Here 'n bepaalde hoeveelheid daaglikse brood bestem. Die Byble leer ons nêrens om gelykheid in terme van daaglikse brood na te jaag nie.

Trouens die Here openbaar duidelik in Deuteronomium 15:11 en Matteus 26:11 dat ons die verskynsel van armoede nooit heeltemal sal kan uitwis nie. Daarom is daar natuurlike die opdragte rondom barmhartigheid en diensbaarheid aan die gemeenskap van die gelowiges. Ons tref selfs die volgende opdrag in die huweliksformulier aan: “U moet ook ywerig en getrou u **beroep** beoefen, sodat u u gesin eerbaar kan onderhou en ook aan die behoeftiges iets kan gee”.

Maar net soos daar altyd behoeftiges gaan wees, sal daar ook altyd

vooruitstrewende lidmate wees. En dit is juis hulle wat in ons teksgedeelte gemaan word om nie dwaas op te tree nie. Die boodskap soos ons dit in Sondag 10 vraag 28, bely is geduldig in teëspoed en dankbaar in voorspoed. Dit is om hierdie rede dat ons ook die bekende versoek aan die Here in Spreuke 30: 8 - 9 hoor: “moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, ⁹sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: “Wie is die Here?” nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie.” Ons het gesien die manier om dankbaar in voorspoed te bly is om diensbaar in die koninkryk te bly. Om die fokus van my self en my sukses af te haal en terug te draai na die Here.

Amen